# EWIGE WAARHEID

George Ross

## 'N VINNIGE KYKIE NA DIE ONDERSOEKENDE OORDEEL

✲ Lees Traktaat 24, 26 & 28 as agtergrond!



Leraar, as 'n wedergebore gelowige pla die leerstelling van die 'ondersoekende oordeel' my. Dit laat my twyfel aan my verlossing. Ek wil darem só graag seker wees dat ek die ewige lewe in die hemel sal beërwe!


**Wat my veral kwel, is dat, as my goeie werke nie voldoen aan God se verwagting nie, my redding in die gedrang kom!**

**Volgens die Evangelie het Jesus vir my vergifnis gesterf. Dis tog genoeg om my te verlos?**

Ja, suster, as 'n wedergebore gelowige is jy geregverdig. Ons moet ons verlossing **(Regverdiging)** egter deur daaglikse gesprek en belydenis **(Heiliging)** met Jesus, ons advokaat, onderhou.

Paulus stel dit pragtig in Rom. 6:1-2: "Wat sal ons dan sê? Sal ons in sonde bly voortleef, sodat die genade kan toeneem? Hoegenaamd nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog langer daarin bly leef?"





Onthou, die wedergebore Christen is 'n **geregverdigde** sondaar, daarom moet ons daagliks daaraan herinner word; ons moet leef soos God se nuwe skepsels. Ef. 2:10 lui: "Ons is immers sy maaksel, geskep in Christus Jesus om goeie werke wat God voorberei het, te doen, en daarvolgens te leef."

1 Joh. 1:9 lui: "As ons ons sondes bely - Hy is getrou en regverdig, en daarom sal Hy ons ons sondes vergeef en ons van alle kwaad reinig."

*"Ja, maar waarlik gelukkig is hulle wat die woord God hoor en dit onderhou."* (Lukas 11:28)

Dan laat die Bybel ons ook duidelik verstaan dat gelowiges vóór die Wederkoms geoordeel sal word. Lees jy 2 Kor. 5:10, sien jyPaulus skryf spesifiek aan gelowiges (Kerkgangers): ***'Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang volgens wat hy in sy liggaamlike bestaan gedoen het, of dit goed of kwaad was.'***



**Elke wedergeborene sal dus voor die Wederkoms van Jesus geoordeel word.**



Wat Paulus in dié vers beskryf, is die **Ondersoekende Oordeel,** wat vóór die Wederkoms gebeur.

Dit geld juis vir diegene wat sy Naam bely het, en dis om 'n rede: Wanneer Jesus weer kom, sal Hy die getroues Hemel toe neem, maar voor Hy dit doen, moet Hy hulle eers oordeel.




**In die groot stryd tussen God en Satan, het Lucifer God se goedheid bevraagteken en beweer Hy is 'n wispelturige diktator en wraaksugtige regter.**

**Die Ondersoekende Oordeel gebeur nie omdat God nie weet wie gered of verlore is nie. Die doel is om aan 'n afwagtende wêreld en ten aanskoue van die ganse heelal te toon dat God elke enkele lewe met deernis en erbarming aangeraak het om ons vir sy Koninkryk te red.**



Maar daar is goeie en slegte 'visse' in die kerk.

In een van sy vergelykings vertel Jesus van die vissermanne en hulle treknet. (Lees dit in Matteus 13:47-50.)

Die boot simboliseer die kerk; die vis (ons) word op die oewer uitgesoek.




*Baie sal op daardie dag vir My sê, "Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam demone uitgedryf en in u Naam baie kragtige dade verrig nie?" Dan sal Ek openlik vir hulle sê: "Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat wetteloosheid bedryf!"*

*Matteus 7:22-23*

## ONTHOU ASSEBLIEF:



**Dis glad nie so dat die Ondersoekende Oordeel ons die versekering van verlossing ontneem nie, want ons bly steeds in Christus.**

**Wanneer ons tot inkeer kom, ons sondes bely en op sy Beloftes vertrou, het ons niks te vrees nie, want Jesus sal ons Beskermer (ons Advokaat) wees. Nietemin, kom ek stel dit so: Hoewel gehoorsaamheid nie 'n voorvereiste vir verlossing is nie, is dit 'n bewys, want:**

**"Geloof sonder dade is dood."** Jakobus 2:26

**Toe Paulus van God se Oordeel gepraat het, was dit nog in die toekoms, nogtans lui Openbaring 14:7: "... want die tyd van sy oordeel het aangebreek." Dis juis waaroor dié traktaat gaan.**

**Let wel: In die oorspronklike Griekse teks is die werkwoord wat as het aangebreek vertaal is, 'n sogenaamde *aoristos*. In Grieks dui die *aoristos* aan die handeling is verby, dit het reeds gebeur of is besig om te gebeur. Dit *is* net.**

**Dit beteken die uur van God se Oordeel het al aangebreek, dit bestaan tans. God se Oordeel is nou aan die gang.**

**Dié tyd, ons tyd, is die uur van God se Oordeel.**




**As mens Daniël se profesieë (Daniël 7-9) saam met Openbaring lees, is dit klinkklaar dat ons *op hierdie einste oomblik* in die Oordeelsuur is. Ek glo die Oordeelsuur het in 1844 begin, aan die einde van die tydperk van 2 300 jaar (Daniël 8:14).**

**Dit kan mens laat wonder. Wees dus asseblief geduldig met my vir die volgende paar bladsye.**

Daar bestaan afdoende wiskundige bewys van die aanvangsdatum van die Ondersoekende Oordeel wat vóór die Wederkoms geskied: 1844 nC (vgl. Traktaat 24).

Dis nie 'n vreemde gevolgtrekking om te maak nie; ander Bybeluitlêers van verskillende oortuigings en denominasies glo ook Daniël praat van 'n oordeel wat min of meer hierdie tyd begin het. Die Rooms Katolieke outeur F. Düsterwald sê byvoorbeeld: "Daar is geen twyfel dat die profeet Daniël God se oordeel hier beskryf nie..." (*Die Weltreiche und das Gottesreich* (1890), p 177)



*Josh McDowell, skrywer van meer as 150 Christelike boeke, stel dit pittig: "Mens los nie jou brein by die deur wanneer jy 'n Christen word nie."*

**Die Bybel is dus nie net waar nie, maar logies ook.**



Daar is egter 'n ander aspek van die Oordeel: ongeag die onbillikhede, ongeregtighede en uitdagings wat ek in my lewe teëgekom het, met die Oordeel sal God dit regstel. God sal verduidelik dat Hy die pad van my beproewings saam met my gestap het om my hoop te gee.

**Nogtans sê die Oordeel boosheid word verdoem, Satan sal verslaan word en Christus sal die goeie kom herstel.**

**Dié nuus is ONGELOOFLIK GOED! Ek vertrou dit bemoedig jou!**



Die Oordeel word in twee boeke openbaar, Daniël en Openbaring. Hulle hou profeties verband met mekaar.

In Openbaring sê Jesus deur Johannes dat die uur van God se Oordeel aangebreek het, maar sê ons nie *wanneer* die horlosie die uur geslaan het of *wanneer* die Oordeel 'n aanvang geneem het nie.

Lees mens egter Daniël 7, 8 en 9, word die tydlyn vir jou duidelik. Die geskiedenis van ons verlossing in Christus (Daniël 7) wentel om die visioen van vier ongediertes. Dié diere simboliseer vier ryke, die tien horings die opkoms van tien moondhede. Die klein horinkie, wat laaste uitgroei en die ander oorweldig, dui op 'n polities-godsdienstige mag wat sal poog om God se wet te wysig.

✦ Dié kwessies word in Traktaat 26 bespreek.

Maar dan is daar die Oordeel se aanvangstonele. Daniël kyk na wat op die aarde plaasvind. Hy kyk op en sien dié Oordeelstoneel. Dis goeie nuus vir hom, want die aardse magte wat God se plan vir sy mense teenstaan, word vernietig. (Daniël 7:9-10)



✦ In dié twee verse sien ons dus die aanvang van die Oordeel waarna Openbaring 14:7 en 21:2 verwys.



Maar wat van *wanneer* die Oordeel geskied? Dit blyk uit Daniël 8:14. In Daniël 8:13 vra die engel 'n vraag, en Daniël verwys na die Heiligdom.

In hierdie tyd onderdruk die polities-godsdienstige mag die waarheid oor die Heiligdom; die waarheid oor Jesus as ons Offerande, ons Hoëpriester, ons Verlosser, die Een wat vir ons bemiddel.

**Hy het vir my gesê: "Tot 2 300 aande en oggende - dan sal 'n heiligdom sy regmatige plek kry."** Daniel 8:14

Aan die einde van hierdie hoofstuk is Daniël 'uitgeput en ontsteld'; lees Daniël 8:27 en 9:24.

**Dit word alles in Traktaat 24 duidelik gemaak. Onthou, die 490 jaar geld vir die Jode!**

Gabriël keer terug en lê die visioen wat hy nie verstaan het nie, aan Daniël uit: *"Ek was verslae oor die openbaring, en kon dit nie begryp nie."* (Daniel 8:27)






Saamgevat, beteken dit ons leef **tans** in die Oordeelsuur, wat in 1844 begin. Die Oordeelsuur is die tyd wanneer die waarheid van God se Woord in elke uithoek van die wêreld herstel word, 'n waarheid wat die ganse wêreld behels.

**Op grond van sowel Daniël as Openbaring besef ons in hierdie tyd moet ons harte reg wees vir God.**

Wat is ons dan veronderstel om in die Oordeelsuur te doen? Wat is **ons** verantwoordelikheid?

**Om tot inkeer te kom en ons harte vir God oop te maak, om seker te maak daar is niks wat hinder tussen ons en Jesus nie. *Dit* is ons roeping in die Oordeelsuur.**

Om Jakobus 1:22 op te som:
**"Wees doeners vir God."**

***Ten slotte, 'n woordjie ter bemoediging!***

Ons ken Satan as die 'aanklaer van ons broers' (Op. 12:10). Hy kla ons voor God van ons sondes aan. Satan wil nie hê God moet sy genade en vergifnis aan ons gee nie.

Nietemin, die Oordeel wat die Wederkoms voorafgaan, is ten gunste van die 'geregverdigde' en 'geheiligde' gelowige. Lees Daniël 7:22: "... totdat die Oue van Dae gekom het en 'n uitspraak gegee is ten gunste van die heiliges van die Allerhoogste. Die tyd het toe aangebreek, en die heiliges het die koninkryk in besit geneem."

**WONDERFUL NEWS FOR THE CHRISTIAN!**




Ek vat my antwoord op ons suster se kwelling saam: Verlossing *volg nie bloot* op vergiffenis nie, want om gehoorsaamheid aan God se wette te ontken, misken Christus se dood aan die kruis. Dis om vergiffenis sonder gehoorsaamheid aan God se Gebooie te verwag.

Wanneer Jesus 'n verlore siel aanroep, roep hy hom tot dissipelskap. Ons het elkeen 'n talent ontvang.

Ons is verantwoordelik om dit wat God ons gegee het, tot sy glorie en eer te gebruik.

*Kontak:*